Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, August 26, 2021

Page: 27



ANDRÈ ELOFF



# Kontrak vir saamwoners is net soos trou

**In hierdie rubriek, die eerste van twee, val die kollig op die regsimplikasies van burgerlike verbintenisse.**

Die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006) gee saamwoners (man en vrou of twee mense van dieselfde geslag) die geleentheid om ingevolge 'n kontrak hulself aan mekaar te verbind en soos getroudes saam te leef.

Burgerlike verbintenisse het in 1989 in Denemarke ontstaan en sedertdien in meer as 30 lande posgevat. Burgerlike verbintenis (*civil union*) beteken die vrywillige verbintenis van twee persone ouer as 18 jaar waar die voltrekking en registrasie as getroudes of as burgerlike vennote geskied ingevolge die prosedure soos voorgeskryf in die wet, wat alle ander persone uitsluit terwyl die verbintenis bestaan.

In Suid-Afrika kan 'n mens ingevolge drie maniere aan mekaar trou beloof – die Wet op Huwelike (Wet 25 van 1961), die Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike (Wet 120 van 1998) of die Wet op Burgerlike Verbintenisse.

Indien twee mense besluit om ingevolge laasgenoemde aan mekaar verbind te wees, kan hulle, sonder om die wet of ander wette te oortree, hul nukke en grille uitspeel. Die woonhuis kan byvoorbeeld beskryf word asof dit 'n bate is soos in 'n huwelik binne gemeenskap van goedere, en die meubels asof elkeen sy eie meubels besit, soos in 'n huwelik sonder aanwas met 'n huweliksvoorwaarde-kontrak.

Daar is vele redes waarom mense kies om van die Wet op Burgerlike Verbintenisse gebruik te maak. Van die algemene redes is:

Waar 'n man en vrou byvoorbeeld reeds meer as 20 jaar of langer bloot saamwoon, sal die een nie op die ander se pensioen kan aanspraak maak nie. Skenkings tussen hulle is belasbaar en onderhewig aan skenkingsbelasting. Die een het geen eis teen die ander se boedel ingevolge die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gade (Wet 27 van 1990) nie. Die oorlewende gade kan nie intestaat erf en vele ander voordele verbeur net omdat daar geen erkende verbintenis tussen hulle bestaan nie.

Twee jong mense werk saam en trek later by mekaar in en leef soos man en vrou. Aangesien hulle mekaar goed verstaan en alles deel, trou hulle nie. Hulle het geen erg aan die wette van die land nie – tot eendag as hul paaie dalk skei. Dinge raak ingewikkeld as hulle byvoorbeeld saam 'n huis gekoop het en as daar kinders is. Hulle kan eerder trou of gebruik maak van die Wet op Burgerlike Verbintenisse.

Vele ouer mense wie se gades oorlede is, knoop deesdae verhoudings aan en trek saam in, maar wil nie weer trou nie. Om seker te maak elkeen se kinders erf regverdig, sal dit veiliger wees om gebruik te maak van die Wet op Burgerlike Verbintenisse.

Mense van dieselfde geslag kan hul verbintenis op dié manier verstewig.

Sodanige burgerlike verbintenis of "huwelik" moet deur 'n geregistreerde huweliksbevestiger voltrek word. Die seremonie word voltrek in 'n kantoor, woning of ander gebou waarvan die deure oop is. Afgesien van die huweliksbevestiger en die twee wat "trou", moet daar minstens twee getuies wees.

Die paartjie en getuies onderteken die voorgeskrewe vorm van die huweliksbevestiger, wat 'n registrasiesertifikaat aan hulle oorhandig as prima facie-bewys van die verbintenis.

In Suid-Afrika word sodanige verbintenis as 'n huwelik gesien en byna alle wette wat getroudes bevoordeel, sal van toepassing wees.

## DIE KONTRAK

Die ooreenkoms tussen die partye behoort deur 'n kundige prokureur opgestel te word. By enige kontrak tussen partye moet sodanige ooreenkoms voldoen aan die vereistes van 'n kontrak. Dit sluit in wilsooreenstemming, handelingsbevoegdheid, dat albei mondig is, dat die ooreenkoms geoorloof is, dat wetlike formaliteite nagekom word, en dat die kontrak afdwingbaar en uitvoerbaar is.

Die inhoud van die ooreenkoms is uiters belangrik en behoort 'n verskeidenheid scenario's oor vele onderwerpe te dek. In die volgende uitgawe word in meer besonderhede na die inhoud van die kontrak gekyk.

Die dokumentasie van die "troue" moet aan die betrokke staatsamptenaar oorhandig word, wat die aangeleentheid in die bevolkingsregister moet aanteken. **LBW**

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**

*Mnr. Andrè Eloff (CFP®) is boedelbeplanner en konsultant by Business & Legal Consultants (lid van Fisa).*

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.